**Aanddiens**: 03 Mei 2026
**Leraar:** Johann Herbst
**Tema**: Rou Liefde

**Wat is liefde?**
Dink aan 'n stopteken. Dit beteken: *stop…* of nie altyd nie.
Hoe definieer jy die woord liefde. Wat beteken dit?
Dink aan die woorde: *"Ek is nou daar."* Wat beteken dit?

**Hoe jy liefde definieer, bepaal hoe jy liefde leef.**
Ware liefde is nie selfgesentreerd nie - dit is **ander-gesentreerd**.

**God wys vir ons wat liefde is:**

**1 Johannes 4:9-12**

- **God het gegee.**
  Liefde begin nie by ons nie - dit begin by God.
- **God het eerste gegee.**
  **1 Johannes 4:10**
  Liefde is nie dat óns Hom eerste liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het.
- **Nou kan ons gee.**
  **1 Johannes 4:11**
  Omdat ons liefde ontvang het, is ons geroep om dit uit te leef.
- **God leef in ons wanneer ons in liefde wandel.**
  **1 Johannes 4:12**
  Wanneer ons liefhet, word God sigbaar deur ons.

**Deur liefde leer ons God ken: 1 Johannes 4:7-8**

Liefde kom van God, Wie liefhet, ken God en Wie nie liefhet nie, ken nie vir God nie: **God is liefde.**

**God se Liefde is nie gebaseer op ons prestasie nie**

God bly goed, selfs wanneer ons nie is nie.
Sy liefde is nie afhanklik van hoe goed iemand vaar of presteer nie. Hy bly dieselfde lief vir ons.

**Voorbeelde:** Gaan lees die storie van Hosea se liefde vir Gomer. Dis 'n voorbeeld van hoe God aanhou om op te tree in liefde. Sien ook hoe Petrus vir Jesus verloën - en tog herstel word wanneer Jesus met hom praat na sy opstanding.

**Rou Liefde lyk só:** Wees lief, selfs wanneer jy geen erkenning kry nie. Wees lief vir jou vyande. Doen goed aan almal**. Vergewe** (Vergifnis beteken nie jy ignoreer nie - dit beteken jy **absorbeer** die skuld.)

**TOEPASSING**

**Aktiewe liefde:**
Neem die inisiatief om in liefde op te tree.

**Passiewe liefde:**
Ek neem nie wraak nie.